KOMMUNIKAMMA 8 NOVEMBER 2020

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK

PSALM 116:5-7 (die Boodskap)
"Die Here was baie goed vir my. Hy sorg dat reg aan my gedoen word. Ons God het my soos 'n ma in Sy liefde toegevou. Die Here beskerm mense wat aan die einde van hulle kragte gekom het. Ek was in so 'n situasie. Toe ek op my swakste was, het Hy my gehelp. Ek het toe vir myself gesê; "Jy kan ontspan. Wees rustig. Die Here was baie goed vir jou."

SAKE vir GEBED

- Ons dank die Vader vir ons dokters, verpleegsters en almal wat na ons mense se gesondheid omsien. Ons bid vir hul onvermoeide ywer om voort te gaan om hierdie nuwe vlaag van Covid-19 te beveg.
- Ons damvlakke bly ontsettend laag. Bid asseblief vir reën waar dit so vreeslik droog is.
- Die president van ons land het 'n onbenydenswaardige taak om almal gelukkig te hou en met wysheid, insig en regverdigheid te regeer. Bid dat God vir hom sal seën.
- Bid dat die verkiesingsuitslag in Amerika aanvaar sal word.
- Dank die Heer vir ons ouer mense wat altyd so blymoedig mekaar ondersteun en bystaan. Ons bid vir die wat siek, bedlêend, swak en eensaam is.
- Daar is nou veral baie groot emosionele, finansiële, geestelike en fisiese nood. Bid dat God in die omstandighede sal intree en uitkoms sal skenk.
- Beatrice Visser is oorlede. Ons bid vir haar enigste dogter, Liesl en familie.
- Ons bid vir Mac McKensie en Henry Stroebel wat sukkel met hul gesondheid.
- Dra asseblief vir Pierre Rootman en Giel Meyer aan die Here op. Dink ook aan Marie en Judy wat hulle bystaan.
- Peter en Joan Crous sukkel met hul gesondheid.
- Fred Vosloo is baie swak. Dink ook aan Sandra, sy vrou.
- Margita Marx is sukkel met haar gesondheid.
- Dank God vir Florence wat ywerig aanhou met die koninkrykswerk in Kleinskool.
- Bid vir ons matrieks en studente wat nou eksamen skryf. Ons glo dat die Here hul besonder naby sal wees in die moeilike omstandighede. Die volgende matrieks is in ons gemeente: Ina Botes, Melissa Hamilton, Jané Nel, Dylan Opperman, Jean-Mari Muller, Liné Redpath, Linzi Scholtz, De-Leon Strydom, Chantené van Biljon, Carika van Heerden, Rhenaldo van Niekerk en Juan van Rooyen
- Ons is dankbaar vir jou. Mag God jou in besonder seën.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:
Bid vir beskerming wanneer geheime gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond bymekaarkom in **Maleisië**. Bid dat hierdie tye van saamwees vir hulle op hul geloofspad sal bemoedig en verenig.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Onder die regulasies van vlak 1 mag die kerkgebou tot 50% van die kapasiteit gevul word per erediens. Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi. https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8 . Neem asb kennis dat daar 'n beperkte hoeveelheid van die produkte beskikbaar is.

Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi. Dit verseker jou van 'n plek in die erediens. Indien jy die vorm nie betyds voltooi nie, is jy steeds welkom om die vorm later, selfs Sondagoggend by die kerkgebou, te voltooi en die erediens by te woon.
Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimtone toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.
Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 8 November

EREDIENSTE

08:30 Eietydse diens
Ons wens vir Christo en Candice van Rooyen geluk met die doop van klein Zander

10:00 Klassieke diens
Ons wens vir Richard en Nicole Strydom geluk met die doop van klein Jessi

Deurdankoffer gaan die week vir There4-Bedieninge.
Die digitale eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Maandag 9 November

12: 45 GEMEENTEBIDUUR
Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie. Almal is welkom.
18:00 Administrasievergadering

Dinsdag 10 November

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en teen Woensdag 21 Oktober is reeds R 153 048.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons help 30 gesinne per week. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassiarylaan 82) afgelaai word. Skenkings kan ook erediens toe gebring word. U kan meer inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

Woensdag 11 November

KERKKANTOOR
Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

Vrydag 13 November

MANNEGROEP
05:00 Skakel in by Zoom byeenkoms. Besonderhede sal op Kraggakamma Manne Wattsapp groep uitgestuur word. Kontak Elandré Bosch by 084 812 4645 indien jy nie op die groep is nie en ook wil inskakel. Alle manne welkom om saam te kuier.

Saterdag 14 November

KRAGGAKAMMA EAT-A-LOT
Die spyskaart is soos volg:
Lam Spitkoek – R 60.00
Vark Spitkoek – R 40.00
Hoender Spitkoek – R 40.00
Chicken Delux (1/4 hoender, roosterkoek en kerrie-pastaslaai) – R 50.00
Pannekoek – R 6.00
Ciabata brode – R 30.00
Gevriesde maalvleis, wors of Koedoe-patties teen R50.00 per pakkie
Koekies teen R 30.00 per pakkie
Beskuit teen R 45.00 per pakkie

Neem asb kennis dat daar ‘n beperkte hoeveelheid van die produkte beskikbaar is.
Neem as gesin deel aan die virtuele pretdraf. Gelukkige prystrekking met onder andere ete “vouchers”, asook naweek vir 5 persone by Willows. Kontak vir Rian Viljoen (082 559 7648) vir meer besonderhede
Gebruik die skakel (https://thanditechsolutions.co.za/ocart2/index.php?route=common/home) om aanlyn te bestel of kontak vir Niekie.

Volgende Sondag, 15 November
09:00 Nagmaal
Daar sal soos altyd brood en wyn/sap by die erediens beskikbaar wees, maar indien jy veiliger voel om jou eie brood en wyn saam te bring, doen dit gerus.

TIENDEMAAND DANKOFFER
Ons is God se fontein van liefde. Soos wat ons lees in Psalm 67:2-3 seën Hy ons om tot seën te wees. Ons Tiendemaand Dankoffer inkomste beloop reeds R184 775. Ons staan in verwondering voor die Here en elkeen van sy kinders wat deur die jaar vir Kraggakamma Gemeente, ook finansiëel gedra het. En ons laat gehoorsaam, soos ‘n fontein, toe dat Sy sëen deur ons vloei na die wêreld.
In die eerste 8 maande van die finansiële jaar het Hy deur ons as sy gemeente onder andere die volgende seën laat uitvloei: R157 207(Sending en Getuienis); R38 409(Diens van Barmhartigheid) en R13 361(Bybelgenootskap). Die inkomste vir die PE Noord Voedselprojek staan op R153 049 en meer as R100 000 hiervan is al gebruik vir die aankoop van voedsel.

KRAGGAKAMMA EAT-A-LOT
Daar is GROOT opgewondenheid!!! Van potjiekos, pannekoeke, spitkoeke reg deur tot ń digitale pretdraf, kerrievetkoek, kerrie & rys en klein koekies!! Maar die grootste hiervan is om almal te laat voel hulle is deel van Christus se familie. Om mekaar weer te sien en deel te hê aan die vreugde as ons in Christus saam beweeg!
Dagboek Kraggakamma EatAlot datums en bestel op ons aanlynwinkel of by Niekie. As jy wil kom braai, bak of gesels kontak ons gerus. Lets enjoy this!

Maak solank ‘n aantekening van die laaste 2 datums, sodat jy nie uitmis op heerlike Kermiskos, soos net Kraggakamma Gemeente dit kan maak nie.
Sondag 29 November vanaf 12:00 – Potjiekos en Poeding
Vrydag 4 Desember vanaf 17:00 – Kerrie en Rys, Kerrievetkoek en Pannekoek
Meer inligting volg nader aan die tyd.
Ons wins by die Hamburger en Sosatierolle verkoping was R6 424.40. Dankie vir almal se betrokkenheid.

HUIS 8 VAN MTR SMIT KINDEROORD
Huis 8 se dogters bedank elkeen vir elk bydrae wat reeds ontvang is. Daar is nog die volgende behoeftes:

- Stoof (die huidige stoof se plate werk maar die oond is onherstelbaar)
- Wasmasjien
- Mop

Indien jy kan help of ‘n bydrae wil lewer, kontak asb. vir Debah van Eeden (082 933 2443) of die kerkkantoor.

VERJAARSDAE
Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

9 November	Manana Alting, Amanda Lingenfelder, Karlien Smit, Hannetjie van Ryneveld, Linda van Zyl en Alex Wentworth
10 November	Colleen Botha, Zulay Jonker, André Kirchner, Lara Nell en Marius Thiart
11 November	Carli Human en Heila van der Merwe
12 November	Poen Odendaal en Liesl Strydom
13 November	Dup du Plessis, Santie du Plessis, Leonard van den Berg en Debah van Eeden
14 November	Lourens du Plessis, Adéle Landman, Gerhard Moolman, Isabella Rossouw en Karel van Niekerk



DANKOFFER

Die eerste 8 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

